

In the Supreme Court of South Africa.
In die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

{ Appèl Provincial Division.)
Provinsiale Afdeling.)

Appeal in Civil Case.
Appèl in Siviele Saak.

P. W. CULLINAN Appellant,

versus

NOORD-KAAPLANDSE AARTAPPELKERNMOERKWEKERS KO-OP BPK Respondent

Appellant's Attorney Davidson & Marais Respondent's Attorney M. J. ...
Prokureur vir Appellant Prokureur vir Respondent
Appellant's Advocate G. H. Coetzee G. C. Respondent's Advocate M. E. Kumbelen S. C.
Advokaat vir Appellant Advokaat vir Respondent

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op 9-9-1971

Coram: Ogilvie Thompson H. B. Rummelhof, potgieter,
Janssen et Rabie H. B. R.

(N.K.A.) 9.45 v.m. — 11.00 v.m.
11.15 v.m. — 12.45 n.m.
2.15 n.m. — 3.30 n.m.

C. a. v.

[Handwritten signature]

		Bills Taxed.—Kosterekenings Getakseer.		
		Date. Datum.	Amount. Bedrag.	Initials. Peraaf.
Writ issued Lasbrief uitgereik	_____			
Date and initials Datum en paraaf	_____			

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPËLAFDELING)

In die saak tussen:

P.W. CULLINANAppellant.

EN

NOORDKAAPLANDSE AARTAPPELKERNMOER-
KWEKERS KOÖPERASIE BEPERKRespondent.

Coram: OGILVIE THOMPSON, H.R., RUMPF, POTGIETER, JANSEN
ET RABIE, A.RR.

Verhoor: 9 September 1971.

Gelewer: 22 November 1971.

U I T S P R A A K.

POTGIETER, A.R.:

Appël in hierdie saak is aangeteken teen die bevel van die Regter-president van die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, wat sekere eksepsies gehandhaaf het en beveel het dat sekere gewraakte dele van die verweerskrif en teeneis geskrap word. Ingevolge artikel 20(3) van die Wet op die Hooggeregshof (nr. 59 van 1959) het die partye ooreengestem dat die appël direk voor hierdie Hof dien.

In die Hof a quo het respondent (hierna "eiser" genoem), n koöperatiewe vereniging wat handel dryf te

2/ Douglas

Douglas as verskaffers van aartappelmoere, ~~vir~~ appellant (hierna „verweerder“ genoem) aangespreek vir betaling van die bedrag van R7.500-00 plus 6% rente a tempore morae. In sy konklusie van eis beweer eiser dat gedurende Januarie 1969 hy en verweerder n ooreenkoms aangegaan het waarvolgens eiser aan verweerder 3 000 kissies saadaartappel-moere verkoop het teen n koopprys van R7.500-00 welke koopprys op aanvraag deur verweerder betaalbaar was. Voorts word dit beweer dat eiser die voornoemde saadaartappel-moere gedurende Januarie 1969 aan verweerder gelewer het en dat laasgenoemde weier om die koopprys aan eiser te betaal. In sy verweerskrif beweer verweerder dat eiser aan hom meer verskuldig is as die koopprys en verwys na sy teeneis. Daarin beweer verweerder o.a. dat, hoewel hy met eiser n koopkontrak aangegaan het ten opsigte van 3 000 kissies saadaartappels, hy in werklikheid opgetree het namens homself en namens twee versweë prinsipale, n sekere Strydom en n sekere De Lange. Sy bewering is dat hy namens Strydom 2 500 kissies gekoop het en namens homself en De Lange elk 250 kissies. Weens n siekte in die gelewerde saadaartappels het al drie van hulle skade gely en die twee versweë prinsipale het elkeen sy reg op skadevergoeding teenoor eiser aan verweerder gesedeer.

In sy nader besonderhede tot die teeneis beweer.

verweerder dat hy as agent vir die twee ander persone opgetree het; dat hy nooit aan eiser bekend gemaak het dat hy namens hulle opgetree het nie; en dat hy slegs een koopkontrak met eiser aangegaan het.

Teen die verweerskrif het eiser eksepsie aangeteken op grond daarvan dat dit geen verweer openbaar nie en wel om die volgende redes:

- " (a) Dit word verkeerdelik beweer dat die twee 'versweë prinsipale' aanspreeklik is vir die koopprys van die balans van 2 025 kassies.
- (b) Insoverre Verweerder staatmaak op die bewerings in sy Teeneis en die beweerde skade gely deur die gemelde twee persone en sessie van hulle vorderingsregte aan Verweerder om aanspreeklikheid vir betaling van die volle koopprys ontken, verwys Eiser na die Kennisgewing van Eksepsie tot die Teeneis en die redes daarin vermeld word hierin herhaal."

Voorts het eiser eksepsie aangeteken teen die teeneis wat gebaseer is op skade gely deur die gesegde Strydom en De Lange ten bedrae van R67.341-00 en R5.306-00 en die sessie van sodanige vorderinge aan verweerder ~~en~~ op grond daarvan dat geen skuldoorsake openbaar word nie en ^{dat dit} regtens ongegrond is ~~en~~

4/ ^{om} ~~wel~~

wel om die redes hieronder uiteengesit:

- " (a) Verweerder beweer dat een koopkontrak tussen hom en Eiser gesluit is waarin hy in eie naam asook as agent vir Strydom en de Lange, synde versweë prinsipale ("undisclosed principals"), opgetree het en dat daardeur die gesegde drie persone regte ingevolge die gemelde regshandeling verkry het.
- (b) Dit is regtens onbevoeg vir n agent of verteenwoordiger om afsonderlik namens meer as een versweë prinsipaal ("undisclosed principal") op te tree en daardeur enige kontraktuele regsverband tussen die ander kontrakterende party en sodanige prinsipale te skep of, alternatiewelik, om daardeur enige vorderingsregte ten gunste van sodanige prinsipale te laat ontstaan.
- (c) Dit is regtens onbevoeg vir n agent of verteenwoordiger om in een koopkontrak deels as prinsipaal en deels namens een of meer onbepaalde prinsipale op te tree en daardeur enige kontraktuele regsverband tussen die ander kontrakterende party en die gemelde prinsipaal of prinsipale te skep of, alternatiewelik, om enige vorderingsregte ten gunste van sodanige prinsipaal of prinsipale te laat ontstaan.
- (d) Uit hoofde van die voorafgaande is dit regtens ongegrond om te beweer dat enige regte ingevolge die sessie aan Verweerder oorgedra

is.

- (e) Die leerstuk van die "versweë prinsipaal" vorm nie deel van ons reg nie en geen regte ingevolge die gemelde koopkontrak word deur Strydom of de Lange synde "undisclosed principals" verkry nie."

In die alternatief het eiser aansoek gedoen vir deurhaling van sekere paragrawe in die verweerskrif en teeneis. Die aansoek vir deurhaling is klaarblyklik afhanklik van die beslissing op die eksepsies en gevolglik is in die Hof a quo en in hierdie Hof argumente slegs ten opsigte van die eksepsies gerig.

n Ontleding van die pleitstukke toon dat eers uit die verweerskrif dit geblyk het dat verweerder nie slegs namens homself die ooreenkoms met eiser gesluit het nie, maar dat dit aangegaan is namens homself en namens ~~one~~ Strydom en De Lange. Laasgenoemde twee persone was dan versweë prinsipale tydens die kontraksluiting.

Wat die eerste grond van die eksepsie teen die verweerskrif betref het die Regter a quo heeltemal tereg, na my oordeel, beslis dat dit n misvatting is, aangesien dit duidelik is dat dit nie in die verweerskrif beweer word dat die twee "versweë prinsipale" aanspreeklik is vir die koopprys van die 2 025 kassies moere nie, maar dat die onderskeie kopers daarvoor

verantwoordelik is. Hierdie verkeerde grond van eksepsie affekteer egter nie die eksepsies as geheel nie en dit word daar gelaat.

Die Regter a quo het die pleitstukke geanaliseer en het soos volg voortgegaan:

" Volgens hierdie analise is die posisie dus dat die verweerder, wat verantwoordelikheid vir die koopprys betref, in sy pleit net verantwoordelik vir sy deel van die 3 000 kassies moere aanvaar en aan die eiser vir Strydom en de Lange aanwys as die kopers wat vir die restant van die koopprys van die moere verantwoordelik is, en dat die verweerder in sy teeneis, namens homself en Strydom en de Lange, teen die eiser al die eise konsolideer wat hyself en Strydom en de Lange, uit hoofde van die koopkontrak vir die 3 000 kassies, teen die eiser mag hê. Wat verantwoordelikheid vir die koopprys betref staan die eiser en Strydom en de Lange dus as debiteurs teenoor die eiser apart maar wat skadevergoeding betref staan hulle as krediteurs in naam van die verweerder saam teenoor die eiser. Die toeleg is klaarblyklik dat die eiser die hele alternatiewe prestasie van skadevergoeding ten opsigte van die hele besending kassies uit hoofde van die cessie van regte aan die eiser moet vergoed en dat die eiser daarteen net die eiser se pro rata deel van die koopprys kan

verhaal en dat hy vir Strydom en de Lange afsonderlik vir hulle pro rata dele van die koopprys moet aanspreek. As hulle sou weier om te betaal dan sou die eiser verplig wees om afsonderlike aksies teen hulle in te stel. In sulke aksies sal die partye dan gebonde wees aan die bepalings van die ooreenkoms wat tussen die eiser en die verweerder aangegaan is."

Hoewel die Regter a quo sekere bedenkinge uitgespreek het of die leerstuk van die "undisclosed principal" deel van ons reg is, het hy desnieteenstaande aanvaar dat dit wel die geldende reg is.

Die Regter a quo het voorts bevind dat die regte van n agent en sy prinsipaal alternatiewe regte is en dat n derde party die een of die ander van hulle kan aanspreek en ^{we/}~~dit~~ vir die hele prestasie; en dat die een of die ander van hulle die derde party kan aanspreek vir die hele vordering wat teen sodanige party mag ontstaan as gevolg van die kontrak wat deur die agent aangegaan is. Die kontrak tussen die derde party en die agent, so gaan hy voort, skep vir elkeen van hulle n enkele skuldoorsaak en elkeen het dus n enkele vorderingsreg teenoor die ander. Die derde party (d.w.s. die eiser in die

onderhawige saak) het dus die reg om die hele vordering waarop hy geregtig is, van die agent (die verweerder in die onderhawige saak) as die enigste party waarvan hy weet te verhaal. So ook het die verweerder sy vorderingsreg teen die eiser. Ten besluite het die Regter a quo bevind dat net so min as wat n enkele vorderingsreg nie sonder toestemming van die debiteur gedeeltelik gesedeer kan word nie, net so min kan n krediteur deur n debiteur gedwing word om, sonder die krediteur se toestemming, deel van die vorderingsreg wat die krediteur teen die debiteur het van ander persone te gaan verhaal.

In hierdie Hof het mnr. Coetzee, ten behoeve van appellant, aangevoer dat, wat ook al die posisie in die Romeins-Hollandse reg was, die howe in Suid-Afrika reeds vir meer as n honderd jaar aanvaar het dat die leerstuk van die "undisclosed principal", soos dit in die Engelse reg bestaan, ook die gangbare reg in Suid-Afrika is. Mnr. Kumleben, ten behoeve van respondent, het daarop gewys dat, volgens erkende beginsels van die Romeins-Hollandse reg, dié leerstuk in daardie regstelsel geen aanwending kan vind nie. Hy het ook die Hof se aandag gevestig op kritiek wat in Suid-Afrika, sowel as in Engeland, waar die leerstuk ontstaan

het, daarteen opgewerp is. Hy het egter uitdruklik verklaar dat hy nie betoog dat die leerstuk nie deel van ons reg is nie, dog dat dit streng beperk moet word tot een versweë prinsipaal.

Dit skyn asof dié leerstuk nooit deel van die Romeins-Hollandse reg uitgemaak het nie en dat dit ontleen is aan die Engelse reg. (Sien: De Wet en Yeats, Kontraktereg en Handelsreg, 3 de uitgawe, bl. 87; Voet: 17-1-9 en 14-3-6; Schorer se aantekening nr. 31 op de Groot, Inl. 3-1-31).

Sover vasgestel kan word uit die gewysdes is die leerstuk in Suid-Afrika vir die eerste maal toegepas in die saak van Lippert and Co. vs. Desbats, 1869 Buch. 189. Ofskoon Romeins-Hollandse reg sowel as Engelsregtelike gesaghebbendes aangehaal is, het die Hof die Engelse reg aanvaar en beslis dat die versweë prinsipaal regte verkry het uit n ooreenkoms wat tussen sy agent en n derde persoon aangeaan is. In 1888 het die beslissing van O'Leary and Another vs. Harbord, 5 H.C.G. 1 gevolg. Die Hof het erken dat Voet, 17-1-9, n ander mening daarop nahou, dog het hom gebonde geag om Lippert se saak te volg. Ná hierdie gewysde is die Engelse leerstuk eenvoudig gevolg asof dit deel is van ons reg. (Sien: Judelsen and Cohen v. Bootha and Others, 1913 T.P.D. 747; Natal Trading and Milling Co. v. Inglis, 1925 T.P.D.

724 op bl. 726; Chappell v. Gohl, 1928 C.P.D. 47 op bl. 51; Don Shoe Co. (Pty., O.F.S.) v. Goodman Bros., 1931 O.P.D. 26 en ander gewysdes in die Provinsiale en Plaaslike Afdelings). In hierdie Hof is in twee gewysdes, sonder dat enige argument in dié verband aangehoor is, sonder meer veronderstel dat die leerstuk deel van ons reg is (Sien: Avis vs. Highveld Supply Stores, 1925 A.D. 410; Muller en n Ander v. Pienaar, 1968(3) S.A. 195 (A.D.) op bl. 204 E.).

Ten spyte van die feit dat die leerstuk reeds vir meer as twee eeue in die Engelse regstelsel toegepas word, is daar van oudsher af al kritiek daarteen uitgeoefen aangesien dit in dié stelsel, net soos in die ~~van die~~ Romeins-Hollandse reg, indruis teen die basiese beginsels van die kontraktereg en aangesien daar bykans tevergeefs gesoek word na n basis wat as rede gevind kan word vir die ontstaan van die leerstuk. (Sien: "The Law Quarterly Review", Vol. 3, (1887), bl. 359; "The Law Quarterly Review", Vol. 12, (1896), bl. 204; "The Law Quarterly Review", Vol. 14, (1898), bl. 2; Bowstead on Agency, 13 de uitgawe, bl. 273; S.J. Stöljar, "The Law of Agency", bl. 228 e.v.; G.H.L. Fridman, "The Law of Agency", bl. 72).

Dit ly geen twyfel nie dat, wanneer n regsreël uit n ander regsisteem ingevoer word en daardie regsreël in stryd is

met die grondbeginsels van ons reg, na my oordeel, gewoonweg n beroep gedoen sou kon word op wat hierdie Hof self in Regal vs. African Superslate (Pty.) Ltd., 1963(1) S.A. 102 (A.D.) op bl. 120, aangaande die Engelse reg van "nuisance", en die beslissings van ons hofe daaromtrent, gesê het, asook op wat hierdie Hof, in S. v. Bernardus, 1965(3) S.A. 287 (A.D.) op bls. 296 tot 298, aangaande die versari-leer verklaar het.

Ofskoon, soos ek reeds opgemerk het, die leerstuk van die versweë prinsipaal inderdaad indruis teen die grondbeginsels van ons reg, is die onderhawige myns insiens nie n geval waar ingegryp en die leerstuk oorboord gegooi ~~moet~~^{kan} word nie, en wel om die redes wat ek hieronder uiteensit.

Die aantal gewysdes waarin die beginsel erken is en en wat loop oor n lang periode, is n aanduiding dat die beginsel al vir byna honderd jaar in die handelsverkeer toegepas is. Ek reken ook dat hierdie Hof kennis daarvan kan neem dat in die dit praktyk al vir byna honderd jaar toegepas is op die gebiede van agentskap en kooop en verkoop, wat n aansienlike deel uitmaak van die alledaagse handelsverkeer. Ongetwyfeld is daar in die resente verlede talle transaksies aangegaan waar partye tot sodanige transaksies regte verkry het en verpligtinge aangegaan het as

gevolg van die toepassing van dié leerstuk. Indien hierdie Hof derhalwe nou sou beslis dat dit nie geldende reg is nie, sou sodanige partye tot sulke transaksies skielik voor die feit te staan kom dat vermeende regte en verpligtinge nie meer bestaan nie. So n beslissing deur hierdie Hof sou retrospektiewe uitwerking hê en, anders as by n wetvoorskrif, kan bestaande regte en verpligtinge nie bewaar word nie. (Vgl. The Mine Worker's Union v. Prinsloo, 1948 (3) S.A. 831 (A.D.) op bl. 852).

Om die redes hierbo genoem is ek van oordeel dat die betrokke leerstuk so ingeburger is dat hierdie Hof verplig is om dit as geldende reg te beskou. Trouens mr. Kumleben het tereg ons aandag gevestig op artikel 16 van die Wet op Hereregte, No. 40 van 1949. Hy het ook verwys na die beslissing van hierdie Hof in Wendywood Development (Pty.) Ltd. v. Rieger and Another, 1971 (3) S.A. 28. In dié saak is die betekenis van sekere artikels uit vóór - Unie wetgewing bespreek asook artikel 16 van die Wet op Hereregte. ~~Hy het aan die hand ge-~~ doen dat die leerstuk onder bespreking deur die betrokke wetgewing by implikasie aanvaar is. In dié beslissing word verwys

na artikel 30 van Wet 5 van 1884 (K) sowel as na die aanhef en artikel 8 van Wet 15 van 1855 (K). Artikel 16 van die Wet op Hereregte, No. 40 van 1949 is verwant aan die bogenoemde vóór-Unie wetgewing en lui soos volg:

" (1) Waar eiendom verkoop word aan iemand wat namens iemand anders optree, moet die persoon wat aldus optree die naam en adres van die prinsipaal namens wie hy optree aan die verkoper of sy agent openbaar -

(i) indien die verkoping by veiling geskied, onmiddellik na aanneme deur die afslaer van sy aanbod; of

(ii) indien die verkoping op n ander wyse dan by veiling geskied, onmiddellik na sluiting van die koopkontrak.

(2) Iemand wat in gebreke bly om aan die bepalinge van sub-artikel (1) te voldoen, word vir die betaling van die hereregte wat ten opsigte van die verkryging van die betrokke eiendom betaalbaar is, vermoed die eiendom vir homself te verkry het tensy die teendeel bewys word."

Op bl. 39 van die Wendywood-saak het Diemont, Wnd. A.R., gesê:

"Sec. 30 of the Cape Act deals with the case where the purchaser discloses that he has a principal but does not name him, whereas sec. 16 of the Union Act deals with the case

where there has been no disclosure of a
principal whatsoever."

Hieruit blyk dit duidelik dat artikel 16 van die
Hereregtewet die bestaan van die betrokke leerstuk aanvaar.
Hiermee is ek dit eens. Ek kan my nouliks voorstel dat artikel
16 op dié wyse opgestel sou gewees het indien die wetgewer nie
aanvaar het dat 'n agent regtens namens 'n versweë prinsipaal 'n
koopkontrak kon sluit nie. Dit wil my dus voorkom of die wet-
gewer die bestaan van die leerstuk van die versweë prinsipaal
aanvaar. Of dit geregverdig is om die vroeëre wetgewing en
artikel 16 elk so eng uit te lê soos in die passasie in Wendywood
se saak hierbo aangehaal en of dit die juiste en enigste grond
is waarop die twee versoen kan word, hoef ek my nie uit te spreek
nie.

In die verbygaan kan daarop gewys word dat die
reël skynbaar nie onbillike of onregverdige gevolge vir kontrak-
terende partye tot stand gebring het nie. Trouens, ofskoon selfs
in die Amerikaanse en Engelse reg daar kritiek uitgeoefen is

op dié leerstuk, word tog ook aanvaar dat, vir sover dit die handelsverkeer betref, dit in die praktyk doeltreffend werk.

In Corbin on Contracts, 2de uitgawe, par. 603 op bl. 623 wat oor die Amerikaanse reg handel, sê die outeur:

" The agent who contracts as principal is bound exactly as if he were principal. The other contractor gets everything that he contemplates; somewhat more, indeed, for on disclosure of the agent's principal, he can hold that party also. It is true that the undisclosed principal can also enforce the contract against him. This comes as a surprise, and may give some disagreeable sensations; but this is not regarded as so serious as to cause injustice. The law of agency developed in that fashion in spite of objections often made; and such is the result. The fact that the undisclosed principal can sue on the contract does not change in any way the terms or conditions of that contract. If the contract required a performance by the ostensible principal who made the contract, that requirement persists throughout. The matter is dealt with exactly as it is in the case of assignment; and the undisclosed principal sues exactly as if he were an assignee. No more than in case of assignment is there a mistake of parties."

In Fridman on Agency, wat handel oor die Engelse reg, sê die outeur:

" This anomalous doctrine has been heavily criticised as being 'unsound', 'inconsistent

16/with.....

with elementary principles' and 'unjust' .
However, its origin, while uncertain, seems
of reasonable antiquity, substantial solidity
and eminent judicial respectability."

Om die voorafgaande redes is ek die mening toe-
gedaan dat die betrokke leerstuk as geldende reg beskou moet word.

Die advokaat vir eiser het in oorweging gegee dat,
gesien die twyfelagtige gronde waarop die leerstuk berus, dit
nie uitgebrei moet word nie om toe te laat dat n agent, wat in sy
eie naam met n derde party kontrakteer, in werklikheid vir meer as
een versweë prinsipaal optree wat tot gevolg het dat daar, wat
hulle betref, afsonderlike en oneweredige verpligtinge en regte
teenoor die derde party tot stand kom.

Die advokaat vir verweerder, daarenteen, het betoog
dat, sodra aanvaar word dat sodanige regte en verpligtinge ten
opsigte van een versweë prinsipaal tot stand kom, daar in begin-
sel geen beletsel is dat sodanige verpligtinge en regte kan ont-
staan waar n agent optree namens meer as een versweë prinsipaal
nie. Hy het voorts in oorweging gegee dat n agent regtens be-
voeg is om vir meer as een verklaarde prinsipaal op te tree en

dat daar geen prinsipiële verskil is in die regsposisies van ~~versweë en geopenbaarde~~ prinsipale nie. In die onderhawige geval, so lui die betoog, het appellant bedoel dat daar drie kontrakte tot stand moes kom en indien appellant as agent vir Strydom en De Lange as genoemde prinsipale opgetree het, sou daar drie kontrakte tot stand gekom het. Die vraag word dan gestel waarom daar net een kontrak tot stand gekom het indien appellant namens homself en as agent vir Strydom en De Lange as versweë prinsipale opgetree het.

In die onderhawige geval blyk dit duidelik uit die verweerskrif en die teeneis dat verweerder (die agent) in sy eie naam gekontrakteer het met eiser, dog in werklikheid afsonderlik namens homself vir die lewering van 250 kassies moere, vir De Lange vir 250 kassies en vir Strydom vir 2 500 kassies moere, opgetree het. Dit sal dus nie nodig wees om, in die onderhawige saak, te besluit wat die regsposisie sou wees indien verweerder namens homself en ~~De Lange en Strydom~~ gesamentlik 3 000 kassies saadaartappels van eiser gekoop het nie.

Daar dien op gelet te word dat die leerstuk ook

in Amerika toegepas word. Mnr. Kumleben het verwys na die Engelse beslissing in Beckhusen v. Hamblet, 1901 (2) K.B. 73 en May v. Angeli 13 T.L.R. 568 ter ondersteuning vir sy submitisie dat die leerstuk beperk moet word tot een versweë prinsipaal. Mnr. Coetzee het staatgemaak op die beslissing in Scott v. Norton, 1901 (2) K.B. 726 ter ondersteuning vir sy submitisie dat die leerstuk wel twee of meer versweë prinsipale toelaat. Al drie hierdie beslissings handel egter oor die Londense effektebeurs en bied nie ondersteuning vir enige van die advokate se stellings nie. Geen ander Amerikaanse, Engelse of Suid-Afrikaanse beslissings is deur enige van die advokate aangehaal nie ter ondersteuning van óf die beperking van die leerstuk tot een versweë prinsipaal óf die uitbreiding daarvan tot meer as een versweë prinsipaal. Die volgende opmerkings van Fridman, "The Law of Agency", bl. 173 mag miskien daarop dui dat selfs in Engeland die leerstuk beperk word tot een versweë prinsipaal, of in ieder geval dat daar ge-
waak word teen die uitbreiding daarvan:

"All these varied and imaginative theories do not completely explain this strange, peculiarly English doctrine. Perhaps the

most satisfying attitude to adopt is that the idea of the undisclosed principal is an anomaly, introduced into and accepted by the common law for reasons of mercantile convenience and rigorously controlled by the common law, so far as its scope and effects are concerned, lest this unusual relaxation of the strict attitude of the common law with regard to personal contracts be allowed to cause undue subversion....."

Vir sy submitisie dat die leerstuk beperk moet word tot een versweë prinsipaal het mnr. Kumleben gesteun op "American Restatement of the Law (Agency)" (1958) paragraaf 305 en die kommentaar daarop. Ofskoon dit lyk asof n beperkende houding daarop nagehou word ten opsigte van die leerstuk, vind ek dit onnodig om op die Amerikaanse reg in te gaan, aangesien die presiese inhoud daarvan vir my nie heeltemal duidelik is nie en omdat dit nie vir doeleindes van hierdie beslissing nodig is nie.

Ek is van oordeel dat die probleem opgelos kan word op ons eie algemene regsbeginsels. In dié verband, meen ek, ~~dat daar in die eerste plek van die standpunt uitgegaan moet word~~ dat die Engelse leerstuk van die "undisclosed principal" op twyfelagtige grond berus en dat dit in elk geval indruis teen

die basiese beginsels van ons kontraktereg nl. dat slegs die werklike partye wat n-kontrak sluit regte daaronder verkry en verpligtinge ten opsigte daarvan aangaan. Dat n persoon derhalwe regte kan verkry en verpligtinge kan aangaan ten opsigte van n ander persoon met wie hy inderdaad nie kontrakteer het nie, druis in teen die basiese beginsels van ons kontraktereg. Bygevolg sou dit onwenslik wees om die omvang en trefwydte van die leerstuk van die "undisclosed principal" uit te brei sodat n agent wettiglik met n derde party kan kontrakteer namens meer as een versweë prinsipaal wat uit hoofde van sodanige kontrak regte kan verkry en verpligtinge kan aangaan.

Daar is egter ook ander gronde waarom dit nie volgens ons regsbeginsele toegelaat behoort te word dat n agent afsonderlik namens meer as een versweë prinsipaal in dieselfde kontrak met dieselfde derde party kan kontrakteer nie.

Waar n derde persoon n enkele kontrak sluit met n ander persoon sonder dat hy bewus daarvan is dat die persoon as agent optree, is die derde persoon geregtig om te verwag dat hy met een persoon kontrakteer en dat daar teen hom slegs een

enkele vorderingsreg bestaan. Indien die agent in werklikheid namens een versweë prinsipaal gekontrakteer het, verkry sodanige prinsipaal slegs een enkele vorderingsreg en kan slegs daardie prinsipaal dit teenoor die derde party afdwing. Enige erkenning van n afsonderlike vorderingsreg wat deur meer as een versweë prinsipaal verkry kan word omdat die agent toevallig so opgedra is en so gekontrakteer het, sou daarop neerkom dat die een vorderingsreg opgesplits word en kan lei tot n vermenigvuldiging van aksies tot nadeel van die derde party en wat hy nooit voorsien het by kontraksluiting nie. In n geval soos die onderhawige kon verweerder denkbaar bv. namens 100 aartappelboere opgetree het, elk vir lewering van n aantal kissies moere, wat sou beteken het dat eiser gekonfronteer kon word met 100 aksies vir skadevergoeding. Onteenseglik moet dit tot sy nadeel strek en daarom is dit noodsaaklik dat die leerstuk streng beperk word tot een versweë prinsipaal, of moontlik meer as een as hulle gesamentlik optree. Soos hierbo opgemerk is dit egter vir doeleindes van dié saak nie nodig om verder op die kwessie van gesamentlike optrede in te gaan nie.

Mnr. Kumleben het, na my mening tereg, aan die hand gedoen dat die regsreël dat n enkele vordering nie gedeeltelik gesedeer kan word nie, as analogie kan dien om die stelling, wat ek in die voorafgaande paragraaf gemaak het, te onderskraag. In die gewysde van Verkouteren v. Rubesa, 1917 T.P.D. 274 op bl. 275 het Mason, R., verklaar:

"To my mind it is not competent to a person who has obtained judgment against a defendant to cede some specific portion of the claim to another party and to give that other party a right to recover by a separate action. To illustrate it, it is clear that, speaking generally, any right can be ceded. Suppose a man owes £50 on a grocer's account; the grocer is not entitled to cede fifty separate pounds of that amount to fifty separate persons, so as to constitute fifty separate claims against the debtor. The result of allowing any such proceeding would be to give an opportunity of inflicting great injustice; where a man incurs one debt to one creditor, he would be liable to as many creditors as the original creditor chose to create."

Hierdie saak is gevolg in die gewysde van Spies v. Hansford and

Hansford, Ltd. 1940 T.P.D. 1 waar Schreiner, R., op bl. 8 die

volgende opmerkings maak:

"Although Mason, J., was dealing with what might be regarded as the special case of a judgment he illustrated his reasoning by reference to the case of an ordinary debt for £50 which he indicated could not be split up into portions and ceded to a number of different persons, as this would impose a greater burden on the debtor than he would otherwise be subject to. If, for instance, he were not in a position to pay the amount he could be subjected to the costs of a number of actions."

Dergelike opmerkings het gekom van Shaw, R., in die saak van

Blaikie & Co. Ltd. v. Lancashire N.O. 1951 (4) S.A. 571 (N.) op

bl. 576. Kyk ook: Duke vs. Allen and Others, 1953 (3) S.A. 702 (N.)

op bl. 703; Voet, 18-4-13.* Die grondslag vir die reël dat n

gedeelte van n skuld nie gesedeer kan word sonder toestemming

van die skuldenaar nie, is dus dat die posisie van die skuldenaar

beswaar kan word deurdat hy deur meerdere aksies teen hom gekon-

fronteer kan word. Indien n kontrak aangegaan word deur n derde

party met 'n agent in sy eie naam ontstaan daaruit een enkele

~~vorderingsreg wat die agent nie sonder toestemming mag sedeer nie.~~

Indien sodanige agent inderdaad opgetree het namens meer as een afsonderlike versweë prinsipaal sou die derde party se posisie desgelyks beswaar word deurdat daar dan meer as een aksie teen hom ingestel kan word.

'n Verdere oorweging, wat die uitbreiding van die leerstuk tot meer as een versweë prinsipaal teenwerk, is die volgende: Wanneer die versweë prinsipaal ontdek word, het 'n skuldeiser 'n keuse om óf die agent óf die prinsipaal aan te spreek. (Kyk: Natal Trading and Milling Co. Ltd. v. Inglis, 1925 T.P.D. 724 op bl. 727). Indien toegelaat word dat die agent namens meer as een versweë prinsipaal optree, sou dit beteken dat die skuldeiser sal moet kies tussen 'n agent, wat denkbaar niks mag besit nie, en 'n veelheid van skuldenaars as prinsipale waarby hy elke skuldenaar vir sy pro rata deel sal moet aanspreek.

Mnr. Coetzee se submissie dat daar geen verskil is tussen die geval waar die agent afsonderlik namens geopenbaarde prinsipale optree en die geval waar die feit dat hy namens prinsipale optree nie geopenbaar word nie, is, na my oordeel,

onhoudbaar. Waar die prinsipale geopenbaar word, weet die derde party dat die agent namens verskeie persone kontrakteer en dat, aangesien meer as een kontrak gesluit word, daar meer as een vorderingsreg teen hom tot stand kom. Hy kan derhalwe nie klaas daar dan meer as een aksie teen hom ingestel word nie. Indien hy met een persoon onderhandel en een kontrak gesluit word, is hy geregtig om te verwag dat net een vorderingsreg teen hom tot stand sou kom, selfs al sou hy in gedagte moes gehou het dat die betrokke persoon denkbaar as agent vir een verskeë prinsipaal opgetree het by kontraksluiting.

Op grond van die voorgaande is ek derhalwe die mening toegedaan dat De Lange en Strydom geen regte uit die kontrak, wat tussen eiser en verweerder aangegaan is, verkry het nie, en dat die sessie van vermeende regte aan verweerder ongeldig is.

Die eksepsies teen die verweerskrif en teeneis en die aansoek om deurahaling van die paragrawe daarin vermeld is dus gegrond.

Die appèl word met koste afgewys, welke koste die van twee advokate insluit.


POTGIETER, A.R.

OGILVIE THOMPSON, H.R.
RUMPF, JANSEN ET RABIE, A.RR.

) stem saam.